Paidion Kinderbediening

se

Kinderkerk-, kategese-, Sondagskoolmateriaal

vir 2018

Kopiereg is op alle materiaal, behalwe op die Hulpmiddelboeke vir peuters en kleuters.
Pryslyste en Bestelvorms is op Paidion Kinderbediening se webtuiste by
www.paidionweb.co.za *onder die rubriek Materiaal/ Boeke.*

Peuters (2-3 jaar) is nog te jonk om elke Sondag na 'n Bybelstorie te luister. Hulle let veral op die dinge in hulle onmiddellike omgewing. Daarom fokus Paidion Kinderbediening in die ***Dankie Jesus-reeks*** pertinent op die dinge om hulle waarvoor hulle vir Jesus dankie kan sê

Kleuters (4-5 jaar of die twee jaar voor laerskool) luister baie graag na stories. Daarom fokus Paidion Kinderbediening in ***My Mooi Bybelstories-reeks*** pertinent op van die mooiste Bybelverhale.



Juniors (6-8 jaar of graad 1-3) luister steeds graag na stories. Daarom fokus Paidion Kinderbediening verder pertinent op van **die mooiste Bybelverhale**.



Seniors (9-12 jaar of graad 4-6) wil nie meer elke Sondag na Bybelstories luister nie. Hulle wil nou na die etiese en leerstellige kwessies agter die verhale luister. Verder is hulle gereed om na die ABC van Christenwees of dissipelskap te luister. Daarom fokus Paidion Kinderbediening pertinent op **temas** wat met **dissipelskap** verband hou.

In hierdie **seniormateriaal (9-12 jaar of graad 4-6)** fokus Paidion Kinderbediening vanuit 'n ander hoek pertinent op **temas** wat met **dissipelskap** verband hou.